NUUSBRIEF EEN VAN 2018



MôRESON ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum
Child and Youth Care Centre

Reg nr: NPO 011-821

BOODSKAP VAN DIE BESTUURDER

Dit is ‘n groot en besondere voorreg om terug te kyk na 2017 en te besef dat dit ‘n jaar was van groei en vele uitdagings. Die jaar was gekenmerk met die implementering van nuwe stelsels om sodoende ons dienslewering aan ons kinders te verbeter. Op 1 April 2017 het ons ‘n nuwe aflosstelsel begin en 4 aflos kinder- en jeugsorgwerkers het in diens getree. Groot klem is gelê op die opleiding van die personeellede.

Daar is tans een vakante aflos kinder- en jeugsorgwerker pos, en ons vertrou dat die pos binne-kort gevul sal word.

Ons waardeer elke personeellid, vrywilliger en donateur. Dankie aan elkeen van u wat die spreekwoordelike ekstra myl saam stap en ons hande hoog hou.

Alle eer aan ons Vader wat in elke behoefte van Môreson ACVV Kinder- en Jeugsorgsentrum voorsien.

Ons sien uit na 2018 en hanteer elke uitdaging in die geloof met die wete dat ons hoop gevestig is in Jesus Christus.

Ronell Lindholm
BESTUURDER

Vakansie tyd is omgeetyd!

Desember 2017 was ‘n gee-maand. Môreson se kinders het vanjaar soveel liefde, deernis en omgee vanuit George gemeenskap ontvang.

Ons hartlike dank aan vrywilligers, gemeentes, besighede en individue wat hul harte vir ons kinders gedurende Desember en die Kerstyd oopgemaak het. Baie dankie vir elkeen se betrokkenheid en die wat die volgende uitstappies moontlik gemaak het:

- Santa's Flight vir helikopterrit
- J J Motors braai en skoenboksprojek
- Besoeke aan "Outeniqua Farmers Market"
- Besoek aan Aarbeiplaas
- Vrugtefees en speletjies
- Besoek aan Mosselbaai Waterpark
- Vyf besoeke aan "Boer op 'n Plaas" wat deur 5 verskillende boere uit die gemeenskap geborg is
- Stranddienste wat uitreike kom doen het
- Borge vir springkastele
- Grocery Express wat die kinders kom bederf het met geskenkies, roomys, vrugtesap, kolwyntjies en lekkers
- Vrywilligers wat op 25 & 26 Desember vir die kinders vleis kom braai het asook verskillende aktiwiteite aangebied het en geskenke gegee het
- Verskeie groepe wat handvaardighede aangebied het
- 'n Groep motorfietsryers wat die kinders Kersdag verras het met lekkergoedpakkies, en hul bederf het met 'n kort rit op die motorfietse
- 'n Egpaar wat 'n "waterslide" geborg het, asook roomys aan die kinders voorsien het
- Baie dankie aan al die gemeentes vir hul onvergeetlike kerspartytjies en geskenke.

Dit was 'n vakansie wat deur elke kind onthou sal word.

Fondsinsamelingsfunksies

SNOEKBRAAI

Ons eerste fondsinsamelingsfunksie het afgskop op 9 Maart 2018 en wat 'n feestelike geleentheid was dit nie! Met see, sand en skulpe as tema het elkeen gesmul aan heerlike gebraaide snoek en bykosse. Dankie aan ons venote die Vryburgers wat die aand moontlik gemaak het. Ons opregte dank aan elkeen wat 'n kaartjie gekoop het, of 'n donasie gegee het – ons waardeer u bydrae opreg.

Die volgende datums is belangrik om op u kalender aan te teken:

20 April 2018: Verskeidenheids Konsert deur Môreson kinders.
26 Mei 2018: Basaar
24 Augustus 2018: Kerrie en Sjerrie Aand
27 Oktober 2018: Ontbyt

VRYWILLIGERS

ONS VERWELKOM IN 2018 DIE VOLGENDE NUWE VRYWILLIGERS:

Ida Balzun	Skoolwerk
Lydia Muller	Skoolwerk
Marie Landman	Skoolwerk
Charlotte Klopper	Skoolwerk
Henta Essel	Blokfluitklasse
Marilyn De Kock	Klavierklasse
Rudolf en Lianda Landman	Huis 7

ONS BENODIG ALTYD VRYWILLIGERS OM DEEL TE WORD VAN ONS FAMILIE.

BELANGRIK : Om 'n vrywilliger te wees moet u 'n Polisie klaring asook 'n Vorm B (Seksuele oortreding register)voltooi. Kontak Adri/Lynn by 044 874 4798.

NOODSAAKLIKE BEHOEFTES – WENS LYS

- Oorhoofse Projekter.
- Drie van ons huise se sitkamers moet dringend geteël word.
- Skoolklere, skryfbehoeftes en onderklere.

BORG 'N KIND
U is baie welkom om 'n kind te borg, ook vir verdere studies of enige ander finansiële bydrae maak.

KWARTAALIKSE VERKOPE

Ons het gedurende 2017 elke kwartaal 'n verkoping gehou en R16 400.00 ingesamel.

Ons benodig al u tweedehandse artikels wat u n ie meer gebruik nie asook u tweedehandse boeke.

ONS HARTLIKE DANK AAN DIE GEMEENTES EN OMGEETANNIES WAT BY DIE VOLGENDE HUISE BETROKKE IS:

Huis 1	**Alida Lubbe**
Huis 2	**Blanco NG Gemeente**
Huis 3	**Patria Gemeente**
Huis 4	**Eden Gemeente**
Huis 5	**NG Moeder Gemeente**
Huis 6	**Evangeliese Kerk**
Huis 7	**NG Kerk Denneoord & Jeshua Gemeente**
Huis 8	**Bergsig Gemeente**

Baie dankie vir elke lidmaat wat aktief betrokke is by elke huis, kind en kinder- en jeugsorgwerker!

KWARTAALIKSE PERSONEEL ONTWIKKELING

Op 12 Februarie 2018 het die personeel van Môreson die liefde gevier.

Elke kwartaal kom bied Philip & Andiah Myburgh van Gemeentebou 'n spanbou sessie aan vir die Personeel van Môreson.

2017

1. Rentmeesterskap
2. Hoe hanteer ek moeilike mense?
3. Watter tipe persoonlikheid is ek?

2018

Wat is my Perspektief in die lewe

Een van ons dogters is geseën met 'n besonderse talent vir modeontwerp SHIREEN KEFFERS

WAT 'N VOORREG OM ELKE DAG DEEL TE WEES VAN MÔRESON SE LIEF EN LEED